

PREEK: 13 Mei 2018

Onderwerp: God se roetekaart.

Teks: Deut. 8

Wanneer ons 'n reis beplan, weet ons die volgende: wat die bestemming is, die pad na die bestemming, hoe ver dit is, hoe lank die reis gaan neem, wat die koste gaan wees, van watter tipe vervoer ons gebruik gaan maak, ens. Ons kan alles haarfyn beplan en so goed as moontlik vir die onvoorsiene ook voorsiening maak. Dié beplanning kan ons op ons eie doen. Ons kan as ons wil vir iemand wat reeds dié of 'n soortgelyke reis onderneem het, raad vra, maar dit is ook nie absoluut noodsaaklik nie. 'n Lewensreis werk nie presies so nie. 'n Mens kan jou drome hê van wat eendag wil word en 'n idee hê van wat jy alles nodig het om daar uit te kom, maar daar is eenvoudig baie dinge wat jy nie weet en/of waaroor jy beheer het nie. So is dit ook met die geloofsreis van 'n gemeente. Ons kan 'n fyn uitgewerkte visie van ons bestemming hê, maar hoe die pad daarheen lyk en wat dit alles inhou, weet ons nie vooraf nie. Die Bybel herinner ons dat ons heel eerste moet seker maak of ons op die **regte pad is** (=God se pad vir ons elkeen) (Jak 4:17) dat ons 100% van God **afhanklik** moet wees (Matt 5:3) en dat ons die lewensreis nadat ons reg aan die begin doodseker gemaak het dat ons op God se pad is, as 'n **dag-projek** moet aanpak. Omdat elke dag sy uitdagings het, moet ons ons nie vandag al verkies oor môre s'n nie. (Matt 6: 25-34). Die Bybel het mooi verhale wat geloofsreise beskryf. Een daarvan is die reis uit Egipte na die Beloofde land - ongeveer 240km ver, as jy met die hoofpad langs beweeg. Met ander woorde so 2 1/2 uur per motor (teen 100km/uur) of so net meer as 3 weke as jy stap (teen ongeveer 11km/dag). Vir die Israeliete het dié reis 40 jaar geduur. Hoekom so lank? Want God het hulle langs 'n ompad gevat en op dié pad wou Hy hulle gereedmaak vir wanneer hulle by hul bestemming (=Beloofde land) aankom. Deuteronomium 8 beskryf die reis. Dit was 'n woestynreis vol swaarkry en risiko's. Na die gouekalf-episode (Eks 33) besluit die Here dat sy volk nie gereed is om as sy ambassadeurs in die Beloofde Land, waar hul met heidense bure gaan skouer skuur, te gaan woon nie. Toe vat Hy hulle op 'n geloofsreis met 'n ompad om hulle te leer wat dit beteken om as mense wat uit slawerny bevry is voor die aangesig van God te lewe. Op die ompad-reis skryf God 'n sillabus voor met vier vakke. Ons kyk daarna en gebruik hier die skool-metafoer om dié leerskool-ervaring te verduidelik.

Vak 1 is gehoorsaamheid (Deut. 8 vs 1-2, 6, 11-12) (vers 1) **“Jy moet elke gebod wat ek jou vandag gee, gehoorsaam en daarvolgens lewe. Dan sal jy bly lewe, baie word, die land ingaan en dit in besit neem soos die Here met 'n eed aan jou voorvaders beloof het.”** Gehoorsaam is hoor en doen (=gehoor gee aan). Die gebod waarvan ons in vers 1 lees, verwys na al God se voorskrifte en opdragte wat in die Bybel opgeteken is. Die voorskrifte se doel was om die andersheid van mense wat die pad saam met God loop, te beklemtoon, want God is anders as die afgode. Hy lewe en hulle is dooie skeppings van menslike verbeelding. Hy is heilig en hou Hom nie met sonde op nie. Wie Hom volg, moet heilig lewe want Hy is Heilig. God eis onverdeelde trou. Wie Gehoorsaam is, demonstreer respek en eerbied vir God. “Vrees vir die Here,” waarvan ons baie in Spreuke lees, is nie bang wees vir God nie, maar juis respekvolle onderdanigheid en gehoorsame diensbaarheid. Wie ongehoorsaam is, verhef homself tot die vlak van gelyk-wees met God en selfs verhewe wees bo God – uitdrukking van hoogmoed. En in vers 14 word “hoogmoed” juis as een van die slegte gevolge van ongehoorsaamheid genoem (lees vss. 12-14 as eenheid). Ongehoorsaamheid is arrogansie! Dit wat jy

hoor, moet tot in-stemming lei. Met ander woorde jy moet gewillig wees om te ge-hoor-saam. Hier werk die gehoor, die verstand en die hart saam en dit daag die hele liggaam tot 'n gepaste reaksie uit.

Vak 2 is nederigheid: (Deut. 8 vs 2) **“Jy moet onthou hoe die Here jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het. Hy het dit gedoen om jou nederig te laat word en om jou op die proef te stel sodat Hy kan weet wat jy dink en of jy sy geboorte sal gehoorsaam of nie.”** Die 40 jaar ompad-reis het ook ten doel gehad om die volk te ontleer. Die gouekalf-episode was 'n daad van miskennings van God wat hulle uit slawerny bevry het. Deur 'n goue kalf te maak, het hulle God gelyk gestel met die afgode van die mense van hul tyd. God beeld jy nie uit nie, dan verklein jy Hom, maak Hom staties en dan kom jy in die versoeking dat jy dink dat jy beheer oor Hom verkry het. Nederig wees is om jou kleinheid en afhanklikheid van God te besef en uit te leef. Jy besef dat jy nie 'n tree sonder Hom kan loop nie en ook nie 'n oomblik sonder Hom kan leef nie. Daarvan begin Jesus die bergpredikasie so **“Geseënd is dié wat weet hoe *afhanklik* hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.”** (Matt. 5:3). Jy besef dat jy die pad vorentoe nie ken of kan sien nie. Daarom pas beskeie afhanklikheid jou wanneer dit by toekomsbeplanning kom. Jak 4: 13-17 som dit so op: “

Kom nou, julle wat sê: “Vandag of môre sal ons na dié en dié stad toe gaan en 'n jaar lank daar bly; ons sal sake doen en geld maak.”

Julle wat nie eers weet hoe julle lewe môre sal wees nie! Julle is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn.

Julle moet eerder sê: **“As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen.”**

Maar nou is julle te seker van julleself en praat julle groot. Al sulke grootpraterij is verkeerd. As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy doen dit nie, is dit sonde.

Jesus sê dat jy daarom die **geloofsreis/lebensreis as 'n dag-projek** moet aanpak. (Matt. 6: 27-34)

Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng? En wat bekommer julle julle oor klere? Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie.

Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie.

As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges?

“Julle moet julle dus nie bekommer en vra: ‘Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?’ nie.

Dit is alles dinge waarvoor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het.

Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.

“Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie.”

Met die daaglikse optel van vars manna is dié waarheid by die volk ingedril. Wie nie onder God se opdragte wou buig nie, het toe met 'n honger maag gaan slaap. Net soos ongehoorsaamheid tot hoogmoed lei, in die omgekeerde ook waar. Gehoorsaamheid lei tot nederige (afhanklike) gehoorsaamheid. Illustrasie: 'n Jong kind kan onafhanklik van sy pa 'n eenvoudige opdrag uitvoer soos: gaan haal asb. vir my die motor se sleutels in die huis. Blinddoek jy die kind is die opdrag baie

moeilik en selfs riskant. As die pa die kind se hand vashou en hom lei, is die haal van die sleutel sonder risiko? Hand vashou is hier uitdrukking van afhanklik-wees. (Die kind laat toe dat die pa hom lei) Om met God op pad te wees, durf ons nie Sy hand los nie. Ons moet tree vir tree toelaat dat Hy ons lei.

Vak 3: In die 40 jaar wou die Here **dissipline** by sy volk kweek. **“Jy moet diep in jou hart weet: soos 'n man dissipline by sy seun kweek, so het die Here jou God vir jou dissipline geleer.”**

(Deut. 8 vs 5) Wat is dissipline? Dit is daardie vaardigheid wat iemand bemeester as hy nie voortdurend voorgesê of herinner moet word om iets te doen nie. Vir 'n kind moet sy ouers voortdurend herinner: maak skoon jou kamer, doen jou huiswerk, help met dit of dat ens. Mettertyd ontwikkel die kind 'n besef van verantwoordelikheid en dan doen hy die dinge vanself. Dan het hy nie meer nodig dat iemand agter hom te staan nie. As jy weet wat reg en goed is, doen jy dit spontaan. Deel van die dissipline leerplan is ontberings (=swaarkry; vs 3) en beproewings (vs 2). Deur die druk met verloop van tyd te verhoog, kom die leermeester gou agter of die leerder 'n bepaalde aspek onder die knie het of nie. So word volgehoue gehoorsaamheid inge oefen (vs2). Op ons geloofsreis is daar geloofsgewoontes wat ons moet bemeester soos gebed, bybelstudie, bywoning van die samekomste van die gelowiges, offervaardigheid, diensbaarheid ens. Dit is dié luister en doen vaardighede wat ons moet inoefen totdat dit spontaan beoefen word.

Vak 4 is dankbaar-wees. ““Telkens wanneer jy genoeg geëet het, moet jy die Here jou God dank vir hierdie goeie land wat Hy aan jou gegee het.” (vs 10). Ons vra maklik maar sê te min dankie.

Die genesing van die 10 melaatses illustreer dié waarheid (Luk. 17:17-19). As ouers weet ons hoe lank dit vir kinders neem om dankbaarheid aan te leer. Maar ons volwassenes sukkel net soos ons kinders daarmee. Ons aanvaar dinge so maklik as vanselfsprekend. Of ons vergeet gou dat dit wat ons het en ontvang genade van Bo is. In Sy brief aan die Efesiërs herinner Paulus die gelowiges ook om dankbaar teenoor God te wees (Efes 1: 6, 12, 14). En dankbaar-wees is meer as net dankie-sê alhoewel die woordjie dankie baie werd is. Ondankbaarheid is 'n belediging vir die skenker. Jy misken sy guns en goedheid.

In die loop van 40 jaar het hulle baie foute gemaak, maar in sy genade het die Here hulle gehelp om uit hul foute te leer. Telkens is hulle getoets. Elke keer as hulle die vak druip, begin God hul van vooraf leer. Slaag was die enigste opsie. Toe die 40 jaar verby is, het God hul onder nuwe leierskap die Beloofde land ingelei. In die terugkyk op die pad het dit toe eers vir hul duidelik geword dat God se pad die beste pad was.

Wat leer ons as gelowiges/gemeente uit die verhaal terwyl ons tans besin oor die verdere pad wat die Here met ons wil loop. Is dit 'n vinnige reguit pad? Weet ons presies hoe die pad loop? Is my idee van die pad die regte een. Onthou: al wat ons weet, is dat God ons na die land van Belofte (=bestemming lei). Daarvan kan en moet ons seker wees. Hier waar ons nou staan, weet ons nie hoe die pad vorentoe presies lyk en waarlangs dit loop nie. Ons sal dit saam knieë langs moet soek. Terwyl ons tree vir tree daarop loop, sal God ons leer hoe. Is ek en jy bereid om die reis só aan te pak?

Amen

Besprekingsvrae:

1. Watter van die “vakke” is vir jou ook ’n uitdaging. Waarom?
2. In Ps. 131: lees ons: “Wag op die Here, Israel nou en vir altyd!”
 - * Wat beteken dié “wag”?
 - * Waarom sukkel ons so daarmee?
3. As ons sien dat die Here Sy volk 40 jaar lank deur ’n woestyn gelei het, wat sê dit vir ons wanneer ons deur woestyn-periodes gaan.